Tema: Buig in aanbidding voor God die Allerhoogste wat tot jou beswil regeer, loof en prys Hom onophoudelik!

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 464: 1, 4
Sb 2 - 2: 1,3

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps. 47 - 1: 1
Votum
Seën
Loflied Ps. 150 - 1: 1,2
Geloofsbelydenis: HK Sondag 9

Ons verootmoedig ons voor God
Wet uit Eks 20
Sing Ps. 24 - 1: 1,2
Gebed.

Sakramentbediening
Doopformulier
Doopbediening
Sing na die doop: Ps. 89 - 1: 2
Gebed.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Openbaring 4
Teksverse: Open. 4: 1 en 2
Sing Ps 93 - 2: 1, 2, 4 (Mel van Lied 582) (Kleuterbediening); Woordverkondiging.

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed
Sing Ps 150 - 1: 3
Seën
Amenlied: Sb 13-1.

Geliefde brs. en srs. en kinders

‘n Mens kan in jou denke oor God en dit wat elke dag in die wereld gebeur, maklik die fout maak om God in die kerk en in die klein wereldjie van gelowiges in te perk! Die afgelope twee Sondae het ons in die prediking juis op Christus gefokus wat oor die kerk regeer! Maar wat nou van die wereld?
Waar en hoe pas God en die kerk in hierdie wereld in? En hoe sien ek Hom daar?

Wanneer ‘n mens na die wereld kyk, dan gaan dit oor die mag en invloed van groot en magtige lande, nasies en regeerders! Dit gaan oor China as wereldmag wat met enige iets wat hulle polities of ekonomies doen, die gebeure in die wereld beinvloed!

Dit gaan oor Indië wat nou die grootste bevolking in die wereld het en wat besig is om ‘n magtige ekonomiese invloed in die wereld uit te oefen. Intussen is Rusland en Ukraine nog steeds in ‘n oorlog gewikkel en Amerika en die Europese Unie weet nie meer hoe om die situasie te hanteer nie! Die konflik in Gasa kan enige oomblik fanatiese wereldmoonthede intrek om dit in ‘n grootskaalse wereldoorlog te laat ontvlam!

Daar vind vanjaar in bykans twee derdes van die lande in die wereld politieke verkiesings plaas en met leiers soos ons in ons eie land sien na vore tree maar ook bv in Amerika, wonder ‘n mens: wat sal tog word met sulke leiers? Is dit die beste wat daar is? Wat sal ons verkiesing tog oplewer?

Ekonomies gaan dit sleg oor die hele wereld heen en ons ervaar dit in ons eie lewe hier in ons land. Die hele wereld word negatief getref deur ekologiese rampe en aardverwarming! Daar is miljoene mense wat in absolute armoede en ellende lewe!

En daarom die vraag: waar pas God in hierdie prentjie van die wereld in? Het God en die kerk enige invloed op hierdie wereld en die gebeure hier? Wereldse mense sal vir jou lag en sê: God? Wie is God? God bestaan nie en die wereld word deur menslike begeertes na geld en mag gedryf!

Gelowiges sal dalk sê: Ons weet dat God oor die wereld regeer, maar in die wyse waarop hierdie gelowiges prakties elke dag God eintlik uit hulle wereld uitrangeer omdat hulle nie regtig oortuig is dat God erens aan die werk is in die wereld en iets kan doen nie! Baie gelowiges is op hierdie wyse eintlike vir alle praktiese doeleindes ateiste!

En jy br en sr: Waar sien jy God in hierdie groter prentjie van die werel? Wat glo jy oor God en sy planne en sy regering oor die wereld?

Die Here wil ons vanmore kom wys waar Hy inpas in hierdie chaotiese wereldgebeure! Dit is die bedoeling van ons tekshoofstuk:
Met hierdie oorweldigende visieon van God op sy troon wil Hy ons juis op ons knieë bring met dié boodskap: Buig in aanbidding voor God die Allerhoogste wat tot jou beswil regeer, loof en prys Hom onophoudelik!

Ja, God is Heilig, Hy is hoog verhewe bo ons, Hy is heerlik, absoluut onbeskryflik, Hy is ons God. Hy regeer, ons moet Hom aanbid! Om God te aanbid beteken immers

dat ons glo Hy is in beheer! Daarom wil ons God loof en prys met die wyse waarop ons op Hom vertrou!

Kom ons kyk dan hoe God op sy troon regeer. Verduidelik vir kinders wat ‘n troon is.

Die eerste wat Johannes in vers 2 sien, is ‘n troon en Iemand wat daarop sit. Bbrs. en srs., nou is dit opmerklik dat Johannes hierdie deel van die visioen nie in detail beskryf nie. Hy kan nie, want so groot is God se heerlikheid en oëverblindende glans op sy troon dat Johannes Hom alleen by wyse van edelgesteentes kan beskryf. Die helder lig en kleurryke glans lyk vir hom soos die mooiste diamante, rooi smaragte en groen sardusstene.

En wat sy oog eerste vang is dat hierdie troon in die middelpunt van alles staan. Die troon van God staan sentraal en alles in die gesig word in verband met die troon gebring en alles wat daar gebeur dui daarop dat alles rondom God op sy troon draai. God is bokant hierdie wereld verhewe en alles begin en eindig by Hom!

Ja, brs. en srs. God is die Middelpunt van die ganse skepping. Hy is die een wat die ganse wereldgebeure in sy hand hou! Bo alles wat ek en jy in die wereld sien gebeur moet ons weet: God hou dit in sy hande en Hy regeer!

En daarom, dadelik hier uit die teks die eerste vraag aan ons: Is dit werklik hoe jy God sien en in Hom glo? Dat God die middelpunt van die wereld en ook van jou lewe is? Bring jy alles in jou lewe in verband met God en hoe Hy jou lewe regeer? Fokus jy ook in jou geloofslewe op God as die sentrale punt? Sien jy Hom bo die chaotiese wereldgebeure op sy troon sit en daaroor regeer?

Br. en sr. om jou vanoggend te help om dit te doen, kom ons kyk dan nou stip en met volle aandag na hierdie hemelse gesig. Johannes beskryf God se voorkoms by wyse van tweee edelstene. Dit is die naaste vergelyking wat hy kon tref met God se heerlikheid.
Dit lyk eerstens vir hom dat God soos blink en skitterwit is soos ‘n diamant. Sy voorkoms is helder en wit: vlekkeloos soos die mooiste diamant.

Wit, brs. en srs., dui natuurlik op God se heiligheid. In Hom is geen kwaad of swart van sonde. Alles is lig, heilig en wit. So regeer God en so wil Hy hê dat ons sal lewe. Ook sonder sonde en die vuil vlekke van ons ongehoorsaamheid.
Kyk daarom na jouself: wat sien jy in jou eie lewe raak? Kyk nou weer na God en sien sy helder wit, skitterglans. Bring daarom jou lewe met sonde bevlek na Hom met berou en laat Hy u in die bloed van Christus skoonwas. Helder wit en skoon.

Die volgende kleur wat Johannes sien is rooi. So rooi soos karneool of sardiusstene. Rooi dui op die kleur van bloed en bloed dui op lewe. God, brs. en srs. is ‘n lewende God. God is nie soos die afgode wat mens vir hulleself maak nie. Lewelose beeld van klip of hout nie, God is nie swewende gees iewers in die buitenste ruimte nie. God is die enigste ware lewende God – van ewigheid tot ewigheid - Groter as hierdie wereld daarom kan Hy hierdie aarde in die holte van sy hand hou.
So is Hy ook in beheer van alles wat in hierdie wereld gebeur! Ook in jou lewe as mens. Hy regeer en alhoewel ons nie altyd verstaan waarmee en hoe God oppad in

met alles wat in die wereld gebeur nie, moet ons glo en weet – Hy is besig om sy plan met die wereld en my lewe uit te voer!
Hoekom vergeet ons dan so maklik van Hom? Hoekom leef ons dan so dikwels asof alles van ons afhang? Asof ons krag en kennis ons lewe bepaal. En dan word ons angstig en bekommer ons oor alles wat gebeur? Sien die Here vanmore op sy troon – Hy is besig omte regeer en glo dat Hy alles ten goed sal laat uitwerk – ook vir jou!

In die derde plek sien Johannes ‘n reenboog so groen soos smarag. Die mooiste groen edelsteen wat daar is. Daar is ‘n reenboog van smarag! Hierdie groen reenboog dui op die Here se Verbondstrou. Ons God is ‘n God van genade wat sy kinders uit die sonde verlos en hulle sy verbondsvolk maak. Dit is ter wille van ons wat God besig om hierdie wereld te bestuur! Dit het Hy vanoggend weer duidelik aangetoon met die teken van die Verbond, die Doop, wat aan ‘n baba bedien is.

Brs. en srs. Wat ‘n heerlike wete: God regeer oor die ganse wereld en wereldgeskiedenis ten behoewe van ons as sy kerk! As sy kinders! Dit is ons bron van hoop en sekerheid! Dit is nie die mens wat in beheer is nie – dit is God! En daarom moet ons met hierdie sekerheid doelgerig Hom dien!

Maar brs. en srs. hierdie beskrywing van God op sy troon het ook ‘n ander kant – die keersy van genade nl oordeel! Vir ons wat glo, is dit ‘n visioen van troos. MAAR, dit is ook ‘n visioen van skrik en vrees vir elkeen wat nie glo nie. Vir elkeen wat God nie erken en aanbid nie en in ongehoorsaamheid voor Hom lewe. Want rondom hierdie troon is daar weerlikstrale, donderslae en dreunings. God is ook ‘n God van oordeel. Elkeen wat Hom nie vrees nie, word deur Hom gestraf en veroordeel. Laat die ongehoorsame wêreld dit hoor en hulle bekeer.

Vlak voor die troon sien Johannes sewe fakkels wat brand. Hierdie fakkels is die simbool vir God die Heilige Gees. Hy wat deur die lig van die Woord ook lig in ons lewe gebring het. Leef dan br. en sr. met die lig van die Heilige Gees. Ons lewe gaan gebrek aan aanbidding en lofprysing omdat ons nie deur die krag en leiding van die Gees lewe nie. Bid daagliks dat Hy u sal lei, dan sal u sien hoe u die krag kry om self in beproewing bly te wees en u sal sien hoe maklik dit word om dankbaar te lewe.

So lyk God dan vir Johannes. Dit is die dinge wat Hy eerste raaksien in sy visioen. En dan staan Hy in absolute verrukking stil as Hy God so aanskou. Hoe sien jy God dan in u lewe? Kan u Hom elke dag so voor oë stel op sy troon waar Hy oor die hele wereld regeer! Bring dit jou tot aanbidding? Om klein en in geloof voor die Here te leef?
Of is God dalk vir jou Iemand ver wat eintlik geen mag op aarde kan uitvoer nie en indien wel – dan ‘n Koning wat wreed regeer – want kyk hoe gaan dit in die wereld! Kyk die gemors en chaos oor die ganse aarde heen!
Terwyl God in die boek Openbaring vir ons juis aantoon dat wat in die wereld gebeur is as gevolg van Satan en die sonde van die mense en dat God besig is in ‘n magtige stryd om die bose werke van Satan te beveg en die aarde en die mens daarvan te red! En dit begin by sy troon waar Hy sit in mag en majesteit

Wie Johannes sien, is Iemand heeltemal anders, Hy sien die Almagtige Koning van die hele wêreld op sy troon. Hy sien krag, heerlikheid en majesteit. Hy sien ‘n Vader wat sy kinders versorg en elke dag na hulle omsien. Hy sien ‘n ewige lewe wat vir

hulle voorberei word. Kan jy dit ook deur sy oë sien? As jy dit sien, hoe gaan jy hierop reageer?

Om ons in die tweede plek in ons reaksie op wat ons vanmore sien, te lei, kom ons kyk net vir ‘n oomblik rondom die troon. Wat sien Johannes daar? Hy sien vier lewende wesens aan elke kant van die troon. Hulle is gerubs wat in diens van God staan en verteenwoordig die wilde diere, mak diere, mens en voels. En hulle besondere taak was om aaneenhoudend, dag en nag, God se lof te besing. Wat is die betekenis hiervan? Die hele skepping moet die Here se lof en grootheid besing. Sy Heiligheid, sy Almag en krag moet deur ons besing word. Dit moet ons reaksie wees.

Ons hele lewe moet ‘n loflied aan die Here wees. Die wyse waarop ons lewe, die manier waarop ons praat moet getuig van ons aanbidding en lof aan die Here, God. Dat ons vrede en sekerheid oor God en sy oorwinning mense tot geloof sal bring! Jou lewensvreugde moet jou lof aan die Here verkondig.

Johannes sien ook 24 ouderlinge rondom die troon. Hulle verteenwoordig die ware kerk van die ou en die nuwe testament en hulle regeer saam met God op dy troon. En wat doen hulle? Elke keer as die vier lewende wesens God se lof besing, dan kniel hulle en plaas hulle krone voor God neer en daarmee erken hulle God se heerskappy. Wat wil die Here hiermee vir ons sê? Ons reaksie op hierdie troongesig moet dié van gehoorsaamheid wees.

Wie sal God nie én eerbied aanbid as jy Hom so aanskou nie? Wie sal nie uit dank getrou wees aan sy Woord en Wet nie? Hierdie grote God eis dan van jou en my absolute gehoorsaamheid. Let daarom hoe jydie Here dien. Gee jy alles of maar net dit wat jy dink God tevrede mee sal wees? Is jou oorgawe aan die Here volledig of halfhartig omdat jy nog jou eie belange ook wil dien? Nee, br. en sr., kyk na die voorbeeld van die 24 ouderlinge: buig laag voor die Here en erken dat Hy regeer en wees aan Hom gehoorsaam.

Geliefdes, ons het die visioen deur die oë van Johannes gesien. Verstaan jy nou waarom God ons dit wou laat sien? Sien jy God op sy troon bo die chaos van die wereld – Sien jy hoe Hy daaroor regeer – doelgerig en met mag en majesteit? Ter wille van jou?

Kom ons buig dan in aanbidding – ons erken dat die Here regtig regeer! Kom ons lewe met lof en dank – want ons weet wat die wereld nie weet nie! Ons weet dat God sy wil ten behoewe van ons sy kinders uitvoer! Hy is besig om die wereld te stuur sodat dit vir ons ten goede kan wees! Al sien ons dit nie so duidelik nie en al verstaan ons nie alles nie! Mag dit in elkeen van ons se hart diepe troos bring!

Maar mag dit ook op elkeen van ons se lippe loflied ontlok wat tot in ewigheid voor die Here sal klink. En mag dit in ons harte ‘n diepe dankbaarheid bring wat ons in gehoorsaamheid elke dag aan die Here sal bewys.

Amen